NASPERS

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE RESULTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2018

Naspers het robuuste groei behaal in die jaar tot 31 Maart 2018. Groepsomset, gemeet op die grondslag van ekonomiese belang, het VS$20.1mjd bedra. Dit was 38% hoër as die vorige jaar (of 39% in plaaslike munt en aangepas vir verkrygings en verkope). Dit is 'n beduidende groeiversnelling waarvan e-handel en Tencent sterk dryfvere was. Op dieselfde grondslag het groephandelswins met 47% tot VS$3.4mjd gestyg (of 52% in plaaslike munt en aangepas vir verkrygings en verkope). e-Handel – veral die geklassifiseerdeadvertensie-, betalings- en reisondernemings – het winsgewendheid verbeter. Tencent se sterk prestasie het tot die handelswinsversnelling bygedra. Kernwesensverdienste, die direksie se maatstaf vir bedryfsprestasie, was 72% hoër as die vorige jaar op VS$2.5mjd. Verwys na aantekening 2 van hierdie opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate vir besonderhede van die groep se verandering in die berekening van kernwesensverdienste en handelswins gedurende die jaar.

In die e-handelsbesigheid het omsetgroei met 36% versnel teenoor 27% in die vorige jaar, met beduidende verminderings van handelsverliese (beide maatstawwe in plaaslike munt en aangepas vir verkrygings en verkope). Geklassifiseerde advertensies (letgo uitgesluit) het gedurende die jaar winsgewend geword. Die betalingsonderneming het handelsverliese op sy bestaande voetspoor verminder en steeds skaal uitgebrei. Die groep het sy posisie in aanlynkosafleweringsdienste versterk deur altesaam VS$1.4mjd in Delivery Hero en Swiggy te belê. Die videovermaakbesigheid het bestendige groei in omset en handelswins bygedra, met handelsverliese in Afrika suid van die Sahara wat gestabiliseer het ondanks voortgesette valutaswakheid in Nigerië en Angola.

Om die balansstaat te versterk en groeigeleenthede in verskeie ondernemings, waaronder geklassifiseerde advertensies, aanlynkosaflewering en fintech (finansiële tegnologie), te ontgin, het ons 'n 2%-belang in Tencent in Maart 2018 verkoop en 'n opbrengs van VS$9.8mjd verkry.

Aangesien ons in meer as 120 lande en markte bedrywig is, het ons beduidende blootstelling aan valutaonbestendigheid. Dit kan 'n wesenlike uitwerking op gerapporteerde omset- en handelswinssyfers hê, veral in die videovermaaksegment waar omset in plaaslike munt verdien word terwyl die kostebasis grotendeels in Amerikaanse dollar gedenomineer is. Die internetondernemings word nie so erg deur valutablootstelling geraak nie, aangesien beide omset en koste gewoonlik in plaaslike munt gedenomineer is. Waar toepaslik in hierdie verslag, het ons bedrae en persentasies vir die uitwerking van wisselkoersbewegings en verkrygings en verkope aangepas om onderliggende tendense te weerspieël. Hierdie aanpassings (pro forma finansiële inligting) word tussen hakies aangedui ná die ekwivalente maatstaf waaroor volgens Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) verslag gedoen is. 'n Rekonsiliasie van die pro forma finansiële inligting met die ekwivalente IFRS-maatstaf word in aantekening 16 van hierdie opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate verskaf.

FINANSIËLE OORSIG

Gekonsolideerde omset (ekwiteitsverantwoorde beleggings uitgesluit) het met 9% (15%) tot VS$6.7mjd gestyg terwyl e-handel sy skaal verder uitgebrei het. e-Handelsomset het met 15% gegroei of 32% in plaaslike munt en aangepas vir die uitwerking van verkrygings en verkope (insluitend Allegro en Netretail). Die groep se gekonsolideerde handelsverlies het VS$41m bedra – 'n aansienlike verbetering op die vorige jaar.

Ontwikkelingsbesteding, wat die handelsverliese weerspieël van besighede wat nog skaal moet bereik, het steeds die daaltendens getoon wat teen September 2017 gerapporteer is. Gekonsolideerde ontwikkelingsbesteding was 17% laer, gemeet in plaaslike munt en met verkrygings en verkope uitgesluit, terwyl die e-handelsbesigheid sy winsgewendheid en skaal verbeter het. Ontwikkelingsbesteding het in verskeie eenhede, waaronder Showmax en letgo, afgeneem. Dit is gedeeltelik teengewerk deur bykomende investering om Movile se iFood-besigheid verder uit te brei. Wanneer die VS$271m wat in gekonsolideerde nuwer inisiatiewe belê is (letgo en Showmax ingesluit) uitgesluit word, het ontwikkelingsbesteding aan ouer beleggings met 8% afgeneem.

Ons aandeel van ekwiteitsverantwoorde beleggings (geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings) se resultate was 79% hoër op VS$3.3mjd. Dit sluit eenmalige wins van VS$692m en waardedalingsverliese van VS$159m in wat deur hierdie maatskappye erken is. Ekwiteitsverantwoorde beleggings het gesamentlik VS$3.0mjd tot kernwesensverdienste bygedra, 'n toename van 45%.

Verskeie groot transaksies is gedurende die jaar gesluit. Ons het in September 2017 die grootste deel van ons belang in Novus uitgekeer en 'n verlies van VS$145m by vervreemding erken. Ná die verkoop van Tencent-aandele (soos vroeër bespreek) het ons 'n wins van VS$9.1mjd by vervreemding aangeteken. Die deelnemings-vrystelling in Suid-Afrika, wat dubbele belasting verhoed, was van toepassing op hierdie verkooptransaksie, maar enige toekomstige uitkerings aan aandeelhouers en aanwas in die waarde van die belegging sal in die hande van aandeelhouers belasbaar wees teen 'n koers van 20% of soms meer, soos toepaslik.

Naspers en sy Suid-Afrikaanse filiale het vir die 2018-jaar altesaam VS$769m namens die belastingowerhede betaal en ingevorder, wat beteken dat ons een van die grootste belastingbetalers in Suid-Afrika is. Ons lewer ook 'n beduidende bydrae tot indiensneming en belastinginkomste in verskeie lande.

Netto rentekoste op lenings het met 14% afgeneem tot VS$122m, danksy die laer aanwending van kredietfasiliteite en die laer koepon van 4.85% wat die groep verkry het op die skuldeffek van VS$1mjd wat in Julie 2017 uitgereik is. Ná die verkoop van Tencent-aandele het Naspers netto kontant van VS$8.2mjd gehad op 31 Maart 2018.

Ons het gedurende die jaar ons rekeningkundige beleid vir verkoop-opsieverpligtinge verander (verwys na aantekening 2 van hierdie opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate). 'n Totale hermetingsuitgawe van VS$252m ten opsigte van hierdie verpligtinge is gedurende die jaar in die inkomstestaat erken, en op 31 Maart 2018 was totale verkoop-opsieverpligtinge VS$2.4mjd.

Gekonsolideerde vrye kontantuitvloei het VS$242m bedra, wat beduidend beïnvloed is deur bedryfskapitaalbewegings, veral die hernuwing van die videovermaakbesigheid se voorafbetaalde inhoudregte. Hierdie impak is gedeeltelik teengewerk deur dividendinkomste van VS$247m afkomstig van Tencent en verbeterde winsgewendheid in die videovermaak- en e-handelseenhede.

Die maatskappy se eksterne ouditeur het nie enige vooruitskattings in hierdie opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate nagegaan of daaroor verslag gedoen nie.

Tensy anders vermeld, is die segmentele oorsig hierna op die grondslag van ekonomiese belang opgestel, en sluit dit gekonsolideerde filiale en 'n proporsionele konsolidasie van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings in.

SEGMENTELE OORSIG

Internet

Omset van internetondernemings het met 50% (51%) tot VS$15.9mjd gestyg en handelswins was 50% (56%) hoër op VS$3.1mjd, danksy die dryfkrag van e-handel en Tencent se sterk resultate. Hierdie segment dra nou 79% van die groep se omset by – teenoor 73% verlede jaar.

e-Handel

e-Handelsomset het met 25% (36%) tot VS$3.6mjd toegeneem. Geklassifiseerde advertensies, B2C (besigheid na verbruiker), betalings en kosaflewering het almal 'n stewige bydrae gelewer tot die segment se omsetversnelling van 9%. Groter skaal het handelsverliese met 8% (24%) laat krimp tot VS$673m en gesorg vir 'n aansienlike verbetering in die handelsverliesmarges van 25% verlede jaar tot 18% vanjaar.

Winsgewende e-handelsondernemings het omset van VS$1.7mjd en handelswins van VS$352m gegenereer (2017: onderskeidelik VS$699m en VS$229m). In plaaslike munt en aangepas vir verkrygings en verkope, is dit groei van onderskeidelik 77% en 52%, op 'n soort-vir-soort-grondslag. Die bydrae tot handelswins deur ons winsgewende e-handelsondernemings is nou soortgelyk aan dié van ons totale videovermaaksegment.

Geklassifiseerde advertensies

Geklassifiseerde advertensies het 'n stewige jaar gehad en sy markposisie versterk. Omset het met 47% (35%) tot VS$628m gegroei. Met uitsluiting van die belegging om letgo skaal te gee, het geklassifiseerde advertensies winsgewend geword. OLX Brasilië het sterk omsetgroei getoon en 'n gelykbreekpunt bereik. Avito het gebruikerinteraksie verbeter en monetisering uitgebrei, met omsetgroei van 28% in plaaslike munt ondanks 'n mededingende bedryfsomgewing. Die Europese markte, met Pole, Oekraïne en Roemenië aan die voorpunt, het omsetgroei versnel danksy uitgebreide produkaanbiedings aan verkopers in belangrike vertikale kategorieë, en handelswins is meer as verdubbel. letgo wen steeds veld in die VS met 'n aansienlik verbeterde gebruikerervaring, en begin nou monetisering toets. Geannualiseerde maandelikse unieke adverteerders op die letgo-platform het met 45% gestyg.

e-Kleinhandel
e-Kleinhandel (aanlyn kleinhandel) het sterk groei getoon met 'n omsetstyging van sowat 36% tot VS$2.1mjd, wanneer aangepas vir die verkooptransaksies van Souq en Konga in die huidige jaar en Allegro en Netretail verlede jaar.

eMAG het steeds markgroei oor sy hele voetspoor oortref, met 'n toename van 38% in bruto handelswaarde (BHW).

Takealot, Suid-Afrika se voorste e-kleinhandelaar, het sy leiersposisie uitgebrei deur BHW met 70% op te stoot, en sy reikwydte buite sy kernkategorieë te verbreed deur Superbalist, sy mode- en huiswarebesigheid, en Mr D Food, Suid-Afrika se voorste kosafleweringsdiens.

Flipkart, ons ekwiteitsverantwoorde e-kleinhandelsbelegging in Indië, het markaandeel uitgebrei met jaar-tot-jaar groei van 49% in BHW. Die besigheid het gedurende die jaar ook heelwat kapitaal van beleggers verkry – waaronder Tencent en Softbank. Ná die jaareinde het ons 'n ooreenkoms aangegaan om ons belang in Flipkart aan Walmart te verkoop vir sowat VS$2.2mjd, wat 'n interne opbrengskoers van sowat 32% op ons belegging beteken. Die transaksie is onderhewig aan regulatoriese goedkeuring.

Om langtermynopbrengste te verbeter, het ons gedurende die jaar ons belange in die ekwiteitsverantwoorde aanlyn kleinhandelaars Souq in die Midde-Ooste en Konga in Nigerië van die hand gesit, en die sluiting van Markafoni in Turkye afgehandel.

Reis
MakeMyTrip het sy posisie as die voorste aanlyn reisagentskap in Indië verstewig en kostebesparingsgeleenthede benut wat verkry is met die samesmelting met ibibo verlede jaar. Ons aandeel van MakeMyTrip se omset, in plaaslike munt en aangepas vir die samesmelting met ibibo verlede jaar, het jaar tot jaar met 21% gegroei tot VS$222m, danksy gesonde groei in sy vliegkaartjie-, hotel- en pakketondernemings. Gemeet op 'n soortgelyke grondslag, het ons aandeel van MakeMyTrip se handelsverliese met 19% verminder aangesien die besigheid baat gevind het by gesonde groei in bruto besprekings asook groei in die transaksievolumes van sy vliegkaartjie-, hotel- en pakketondernemings.

Betalings
Die betalings- en fintech-onderneming, PayU, het gesonde omsetgroei van 58% (37%) aangeteken, danksy 'n toename van 48% in verwerkte transaksies. Totale betalingswaarde het meer as VS$25mjd bedra, waarvan 47% deur Indië gehanteer is. Indië was ook die vinnigste groeiende streek, met 'n styging van 84% in betalingsvolumes.

PayU het sy groei voortgesit terwyl die kostebasis in sy kernbetalingsbesigheid konstant gehou is. Dit bewys watter voordele skaaldoeltreffendhede, outomatisering en platformkonsolidasie inhou. Die gekombineerde effek van omsetgroei en 'n stabiele kostebasis het die handelsverlies met 'n beduidende 42% laat krimp op die bestaande voetspoor en in plaaslike munt.

Die 2018-boekjaar was deurslaggewend in PayU se transformasie van 'n betalingsbesigheid na 'n breër fintech-diensbesigheid. As deel van hierdie proses het PayU VS$99m (en omskepbare leningsbefondsing van €20m) belê in Kreditech, 'n kredietgraderingsbesigheid, en VS$100m in Remitly, 'n tegnologiegedrewe remisebesigheid. Hierdie beleggings is as geassosieerde maatskappye verantwoord.

Kosaflewering
Ons het ons fokus op aanlynkosafleweringsdienste met twee belangrike minderheidsbeleggings uitgebrei: eerstens bou Delivery Hero voort op sy leiersposisie in die meer as 42 lande waarin hy bedrywig is, so ook Swiggy, 'n vooraanstaande aanlynkosafleweringsmaatskappy in Indië. In Latyns-Amerika het iFood steeds bestelvolumes, gemiddelde kommissie en klantebehoudsyfers uitgebrei deur addisionele beleggings aan te gaan, spesifiek in Brasilië.

Kumulatiewe geannualiseerde BHW-groei vir die kosafleweringsegment was 65% en kumulatiewe geannualiseerde bestelvolumes van al drie maatskappye het met 65% gestyg.

Vir die jaar geëindig Desember 2017 het Delivery Hero omset met 60% tot €544m verhoog, met 'n toename van 48% in bestelvolumes tot 292m. Swiggy het gesonde omset en bestelvolume-toenames aangeteken. iFood het sy omset meer as verdubbel tot VS$117m, en bestelvolumes met 116% uitgebrei.

Tencent

Vir die jaar geëindig 31 Desember 2017 was Tencent se omset van RMB238mjd 56% hoër op 'n jaar-tot-jaar-grondslag. Wins op 'n nie-AARP-grondslag toeskryfbaar aan aandeelhouers (Tencent se maatstaf van genormaliseerde prestasie) het met 43% tot RMB65mjd toegeneem.

Omset van waardetoevoegingsdienste het met 43% tot RMB154mjd toegeneem, terwyl die omset van aanlyn speletjies met 38% tot RMB98mjd gegroei het en sosiale netwerke se omset met 52% tot RMB56mjd gestyg het. Aanlyn advertensies se omset was 50% hoër op RMB40mjd. Ander omset (hoofsaaklik dié van betalings en wolkdienste) het met 153% gestyg tot RMB43mjd.

Tencent se Weixin-platform het sy 'super-app'-status versterk, met maandelikse aktiewe gebruikers wat die mylpaal van een miljard in Februarie 2018 verbygesteek het. Die groep het sy leiersposisie in die Chinese aanlynspeletjiesmark behou en sy wêreldwye teenwoordigheid verder uitgebrei. Tencent se teenwoordigheid in sosiale media- en nutsprogramprodukte het gesorg vir gesonde groei in advertensie-inkomste vanaf sy verskillende platforms. Die groep het sy leiersposisie in mobiele betalings ten opsigte van aktiewegebruiker-rekeninge vergroot en kommersiële transaksies verder uitgebrei, met meer as 'n verdubbeling van die volume aflyn transaksies jaar tot jaar.

Tencent verhoog tans sy investering in uitgesoekte segmente, waaronder video, betalings, wolkdienste, kunsmatige intelligensie-tegnologieë en slim kleinhandel. Die groep is besig om sy ontwikkelings- en innovasievermoëns uit te brei.

Meer inligting oor Tencent se resultate is beskikbaar by www.tencent.com/en-us/ir.

Mail.ru

Mail.ru se omset vir die jaar tot 31 Desember 2017 was 34% hoër op RUB57mjd. Aanlyn speletjies en advertensies was kerndryfvere. Mail.ru se twee grootste speletjies, Warface en War Robots, het goed gevaar. Die aanlynspeletjies-afdeling het internasionaal en oor nuwe platforms uitgebrei. Internasionale omset het amper die helfte van sy aanlyn speletjies se omset bygedra. Mail.ru se advertensie-inkomste het baat gevind by verskuiwings na aanlyn platforms en sosiale netwerke.

Die integrasie van die aanlynkosafleweringsondernemings Delivery Club en ZakaZaka met Mail.ru se sosialemedia-belange vorder. In Januarie 2018 het Mail.ru die verkryging van ESforce aangekondig, wat een van die grootste e-sportmaatskappye in die wêreld is.

Meer inligting oor Mail.ru se resultate is beskikbaar by https://corp.mail.ru/en/investors/.

Videovermaak

Hoewel die makro-ekonomiese omgewing in Afrika suid van die Sahara betreklik stabiel was in die tweede helfte van die jaar, moet die videovermaak-onderneming nog steeds uitdagende toestande trotseer. Desondanks het dit bestendig gepresteer en net meer as 1m direk-na-huis (DTH)-intekenare en 520 000 digitale terrestriële televisie (DTT)-intekenare bygevoeg. Die totale intekenaarbasis in Afrika het op 31 Maart 2018 op 13.5m huishoudings gestaan. Die besigheid het voortgebou op die sukses van sy waardestrategie om die intekenaarbasis uit te brei en het koste verder verminder. DTT-intekenaargroei is ondersteun deur 'n gedeeltelike analoog-afskakeling in Zambië en die bekendstelling van 'n gewilde pakket, GOtv Max, wat gemiddelde omset per gebruiker as gevolg van opgraderings en nuwe klante verhoog het.

Omset vir die segment het met 8% (7%) tot VS$3.7mjd gestyg, en handelswins met 29% (24%) tot VS$369m. Die sterker Suid-Afrikaanse rand het 'n positiewe uitwerking gehad. Resultate is geaffekteer deur die devaluering van die Nigeriese naira en die Angolese kwanza met onderskeidelik 25% en 7% oor die tydperk. Verliese het egter gestabiliseer.

Die besigheid fokus steeds op die optimering van kostestrukture en herbelegging vir sy aanlyn toekoms. Deur volgehoue pogings om op inhoudkoste en algemene bedryfskoste te bespaar, het die besigheid bedryfskoste met meer as VS$70m verminder. Beleggings in sportregte het die hernuwing van die Engelse premierliga, Suid-Afrika se premiersokkerliga en die UEFA se kampioenskapsliga ingesluit. Kostebesparings is gedeeltelik herbelê in die verkryging van intekenare, produksie van plaaslike inhoud en skaaluitbreiding van Showmax.

Likiditeit bly beperk in Angola en Zimbabwe weens die beperkte beskikbaarheid van buitelandse valuta. Likiditeit in Nigerië het gedurende die jaar aansienlik verbeter en ons in staat gestel om geld los te maak.

Op 31 Maart 2018 was kontantsaldo's en handelsdebiteure van VS$131m in Angola, Zimbabwe en Mosambiek nog aan verswakkende geldeenhede blootgestel – dit is 55% minder as verlede jaar se saldo.

Media

Die grootste deel van Media24 se belang in die genoteerde Suid-Afrikaanse drukkeryonderneming, Novus, is in September 2017 aan Naspers-aandeelhouers toegeken. Ná die ontbondeling het Media24 'n belang van 19% in Novus behou en konsolideer dus nie meer die besigheid nie.

Media24 (alle syfers sluit Novus uit) het bestendige resultate gelewer, met onveranderde jaar-tot-jaar-omset op VS$374m, teen 'n agtergrond van dalende omset uit tradisionele mediastrome. Investering om die skaal van die segment se groei uit te brei, veral in e-handel en digitale media, het handelsverliese met 43% (33%) laat styg tot VS$30m. Dit maak nou 17% van totale omset uit.

VOORUITSIGTE

In die komende jaar sal die groep sy sterk balansstaat gebruik om die groei van sy geklassifiseerdeadvertensie-, kosaflewerings- en fintech-ondernemings wêreldwyd te versnel, en ander groeigeleenthede aan te gryp wanneer hulle opduik. Die groep sal voortgaan om die skaal van die e-handelsonderneming en videovermaakbesigheid in Afrika suid van die Sahara uit te brei en nader te bring aan winsgewendheid. Die fokus sal op innovasie wees, veral op die gebiede van kunsmatige intelligensie en masjienleer, navigasie van makro-ekonomiese hindernisse en die bestuur van koste in die volwasse ondernemings.

DIVIDEND NOMMER 89

(alle syfers in Suid-Afrikaanse sent)

Die direksie beveel aan dat die jaarlikse bruto dividend met 12% tot 650 sent (voorheen 580 sent) per genoteerde N- gewone aandeel verhoog word, en 130 sent (voorheen 116 sent) per ongenoteerde A- gewone aandeel. Indien dit by die algemene jaarvergadering op Vrydag 24 Augustus 2018 deur aandeelhouers goedgekeur word, sal dividende betaalbaar wees aan aandeelhouers wat op Vrydag 14 September 2018 in die boeke aangeteken is, en betaal word op Maandag 17 September 2018. Die laaste dag vir verhandeling met dividend is Dinsdag 11 September 2018 (aandele verhandel dus sonder dividend vanaf Woensdag 12 September 2018). Geen aandelesertifikate mag vanaf Woensdag 12 September 2018 tot Vrydag 14 September 2018, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of gerematerialiseer word nie. Die dividend sal uit inkomstereserwes verklaar word. Dit sal onderhewig wees aan die dividendbelastingkoers van 20%, wat sal lei tot 'n netto dividend van 520 sent per genoteerde N- gewone aandeel en 104 sent per ongenoteerde A- gewone aandeel vir aandeelhouers wat nie van dividendbelasting vrygestel is nie. Dividendbelasting sal 130 sent per genoteerde N- gewone aandeel bedra en 26 sent per ongenoteerde A- gewone aandeel. Die uitgereikte gewone aandelekapitaal soos op 22 Junie 2018 was 438 656 059 N- gewone aandele en 907 128 A- gewone aandele. Die maatskappy se inkomstebelastingverwysingsnommer is 9550138714.

DIREKSIE

Op 1 April 2018 het die groep se uitvoerende direkteur en hoofbeleggingsbeampte, Mark Sorour, ná meer as 20 jaar by die groep afgetree. Hy was aan die spits van die groep se uitbreiding en het van die groep se belangrikste transaksies gelei. Mark sal as 'n nie-uitvoerende direkteur in die direksie aanbly en sy aanstelling sal by die volgende algemene jaarvergadering voorgelê word vir goedkeuring deur aandeelhouers. Hy sal ook voortgaan om as 'n nie-uitvoerende direkteur in die direksie van Mail.ru Group Limited te dien. Die direksie bedank Mark van harte vir sy waardevolle bydrae en sien uit na sy insigte as 'n nie-uitvoerende direkteur.

VOORBEREIDING VAN DIE OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE RESULTATE

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate is opgestel onder toesig van die groep se finansiële direkteur, Basil Sgourdos GR(SA). Hierdie resultate is op 22 Junie 2018 bekendgemaak.

Namens die direksie

Koos Bekker
Voorsitter

Bob van Dijk
Uitvoerende hoof

Kaapstad
22 Junie 2018

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

vir die jaar geëindig 31 Maart

	Aan-teke-ninge	2018 VS$'m	Herstateer 2017 VS$'m	%-veran-dering
Omset		**6 660**	6 098	9
Koste om dienste te lewer en goedere te verkoop		**(4 025)**	(3 574)	
Verkoops-, algemene en administratiewe uitgawes		**(2 786)**	(2 827)	
Ander netto (verliese)/winste	7	**(47)**	(57)	
Bedryfsverlies		**(198)**	(360)	45
Rente ontvang	5	**88**	70	
Rente betaal	5	**(267)**	(278)	
Ander netto finansierings(koste)/-inkomste	5	**(319)**	(899)	
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate	6	**3 277**	1 829	
Waardedaling in ekwiteitsverantwoorde beleggings		**(46)**	–	
Verwateringswinste/(-verliese) van ekwiteitsverantwoorde beleggings[1]		**9 216**	(119)	
(Verliese)/winste met verkrygings en verkope		**(93)**	2 169	
(Verliese)/winste met verkrygings en verkope	7	**11 658**	2 412	>100
Belasting		**(360)**	(244)	
Wins vir die jaar		**11 298**	2 168	>100
Toeskryfbaar aan:				
Aandeelhouers van die groep		**11 357**	2 337	
Nie-beherende belang		**(59)**	(169)	
		11 298	2 168	
Kernwesensverdienste vir die jaar (VS$'m)	4	**2 507**	1 454	72
Kernwesensverdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)		**581**	337	72
Verwaterde kernwesensverdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)		**568**	330	72
Wesensverdienste vir die jaar (VS$'m)	4	**1 794**	188	>100
Wesensverdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)		**416**	44	>100
Verwaterde wesensverdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)		**403**	38	>100
Verdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)		**2 631**	542	>100
Verwaterde verdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)		**2 612**	535	>100
Netto getal aandele uitgereik ('000)				
– Aan die einde van die jaar		**432 126**	431 540	
– Geweegde gemiddelde vir die jaar		**431 635**	431 207	
– Verwaterde geweegde gemiddelde		**433 003**	432 684	

[1] *Sluit die wins wat erken is met die verkoop van 'n 2%-belang in Tencent Holdings Limited in (verwys na aantekening 11).*

Verwys na aantekening 2 vir meer inligting oor die groep se verandering in rekeningkundige beleid.

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

vir die jaar geëindig 31 Maart

	2018 VS$'m	Herstateer 2017 VS$'m
Wins vir die jaar[1]	**11 298**	2 168
Totale ander omvattende inkomste, netto van belasting, vir die jaar[2]	**1 742**	1 541
Omrekening van buitelandse bedrywighede[3]	**996**	322
Netto billikewaardeverliese	**(4)**	(1)
Kontantvloeiskanse	**(98)**	(85)
Belang in ekwiteitsverantwoorde beleggings se ander omvattende inkomste en reserwes	**835**	1 293
Belasting op ander omvattende inkomste	**13**	12
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**13 040**	3 709
Toeskryfbaar aan:		
Aandeelhouers van die groep	**13 025**	3 905
Nie-beherende belang	**15**	(196)
	13 040	3 709

(1) Sluit die wins wat erken is met die verkoop van 'n 2%-belang in Tencent Holdings Limited in (verwys na aantekening 11).

(2) Hierdie komponente van ander omvattende inkomste kan in 'n toekomstige tydperk na wins of verlies herklassifiseer word, behalwe wins van VS$361m (2017: VS$292m) wat by die "Belang in ekwiteitsverantwoorde beleggings se ander omvattende inkomste en reserwes" ingesluit is.

(3) Die beweging in die groep se buitelandse valutaomrekeningsreserwe hou hoofsaaklik verband met die uitwerking van buitelandse valutaskommelings in verband met die omrekening van die groep se netto beleggings in buitelandse bedrywighede.

Verwys na aantekening 2 vir meer inligting oor die groep se verandering in rekeningkundige beleid.

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

vir die jaar geëindig 31 Maart

	2018 VS$'m	Herstateer 2017 VS$'m
Saldo aan die begin van die jaar	**13 142**	10 654
Verandering in rekeningkundige beleid (verwys na aantekening 2)	**–**	(1 504)
Herstateerde saldo aan die begin van die jaar	**13 142**	9 150
Veranderings in aandeelkapitaal en -premie		
Beweging in tesourie-aandele	**(64)**	(77)
Aandelekapitaal en -premie uitgereik	**85**	56
Veranderings in reserwes		
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**13 025**	3 905
Beweging in aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**(48)**	(376)
Beweging in bestaandebeheer-besigheidsamevoegingsreserwe	**(195)**	16
Direkte beweging in behoue verdienste en ander ekwiteitbewegings	**125**	721
Dividende aan Naspers-aandeelhouers betaal	**(262)**	(158)
Veranderings in nie-beherende belang		
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**15**	(196)
Dividende aan nie-beherende aandeelhouers betaal	**(153)**	(116)
Beweging in nie-beherende belang in reserwes	**21**	217
Saldo aan die einde van die jaar	**25 691**	13 142
Bestaande uit:		
Aandelekapitaal en -premie	**4 965**	4 944
Behoue verdienste	**20 132**	8 912
Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**1 460**	1 147
Bestaandebeheer-besigheidsamevoegingsreserwe	**(1 847)**	(1 652)
Verskansingsreserwe	**(106)**	(30)
Waardasiereserwe	**1 679**	1 387
Buitelandse valutaomrekeningsreserwe	**(761)**	(1 852)
Nie-beherende belang	**169**	286
Totaal	**25 691**	13 142

Verwys na aantekening 2 vir meer inligting oor die groep se verandering in rekeningkundige beleid.

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

soos op 31 Maart

	Aan-teke-ninge	31 Maart 2018 VS$'m	Herstateer 2017 VS$'m	1 April Herstateer 2016 VS$'m
BATES				
Nie-bedryfsbates		**22 386**	16 291	13 486
Eiendom, aanleg en toerusting		**1 638**	1 638	1 443
Klandisiewaarde	8	**2 607**	2 442	2 818
Ander ontasbare bates		**1 143**	1 104	1 190
Beleggings in geassosieerdes		**16 666**	10 784	7 625
Beleggings in gesamentlike ondernemings		**78**	79	218
Ander beleggings en lenings		**115**	82	57
Ander debiteure		**21**	32	20
Afgeleide finansiële instrumente		**1**	2	–
Uitgestelde belasting		**117**	128	115
Bedryfsbates		**13 065**	5 639	3 237
Voorraad		**231**	154	194
Program- en rolprentregte		**240**	193	160
Handelsdebiteure		**452**	420	393
Ander debiteure en lenings		**762**	456	491
Afgeleide finansiële instrumente		**11**	6	59
Kontant en kontantekwivalente		**11 369**	4 007	1 714
		13 065	5 236	3 011
Bates geklassifiseer as gehou vir verkoop	10	**–**	403	226
Totale bates		**35 451**	21 930	16 723
EKWITEIT EN VERPLIGTINGE				
Aandelekapitaal en reserwes		**25 522**	12 856	8 771
Aandelekapitaal en -premie		**4 965**	4 944	4 965
Ander reserwes		**425**	(1 000)	(2 304)
Behoue verdienste		**20 132**	8 912	6 110
Nie-beherende aandeelhouersbelang		**169**	286	379
Totale ekwiteit		**25 691**	13 142	9 150
Nie-bedryfslaste		**5 623**	5 349	5 118
Gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge		**1 086**	1 142	771
Laste – rentedraend		**3 202**	2 198	2 922
– nie-rentedraend		**22**	9	8
Ander nie-bedryfslaste		**867**	1 708	1 098
Nádiens mediese verpligting		**30**	14	13
Afgeleide finansiële instrumente		**157**	13	20
Uitgestelde belasting		**259**	265	286
Bedryfslaste		**4 137**	3 439	2 455
Korttermyngedeelte van langtermynverpligtinge		**280**	915	227
Handelskrediteure		**564**	487	437
Opgelope uitgawes en ander bedryfslaste		**3 163**	1 844	1 662
Afgeleide finansiële instrumente		**129**	119	31
Bankoortrekkings en opvraagbare lenings		**1**	4	1
		4 137	3 369	2 358
Laste geklassifiseer as gehou vir verkoop	10	**–**	70	97
Totale ekwiteit en verpligtinge		**35 451**	21 930	16 723
Netto batewaarde per N- gewone aandeel (VS-sent)		**5 906**	2 979	2 035

Verwys na aantekening 2 vir meer inligting oor die groep se verandering in rekeningkundige beleid.

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

vir die jaar geëindig 31 Maart

	2018 VS$'m	2017 VS$'m
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite		
Kontant gegenereer uit bedryfsaktiwiteite	**141**	294
Finansieringsinkomste ontvang	**81**	63
Dividende ontvang van beleggings en ekwiteitsverantwoorde maatskappye	**251**	193
Finansieringskoste betaal	**(240)**	(257)
Belasting betaal	**(391)**	(333)
Netto kontant aangewend in bedryfsaktiwiteite	**(158)**	(40)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite		
Verkrygings en vervreemdings van tasbare en ontasbare bastes	**(138)**	(173)
Verkrygings van filiale, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings	**(1 957)**	(397)
Vervreemdings van filiale, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings	**9 941**	3 383
Kontantbewegings in ander beleggings en lenings	**7**	1
Netto kontant gegenereer uit beleggingsaktiwiteite	**7 853**	2 814
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite		
Opbrengs uit lang- en korttermynlenings aangegaan	**1 124**	584
Terugbetalings van lang- en korttermynlenings	**(827)**	(602)
Uitvloei van aandeelgebaseerde vergoedingstransaksies	**(22)**	(36)
Dividende betaal deur die beheermaatskappy en sy filiale	**(344)**	(281)
Ander bewegings vanuit finansieringsaktiwiteite	**(319)**	(76)
Netto kontant aangewend in finansieringsaktiwiteite	**(388)**	(411)
Netto beweging in kontant en kontantekwivalente	**7 307**	2 363
Valutaomrekeningseffek op kontant en kontantekwivalente	**58**	(50)
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	**4 003**	1 713
Kontant en kontantekwivalente geklassifiseer as gehou vir verkoop	**–**	(23)
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	**11 368**	4 003

SEGMENTELE OORSIG

vir die jaar geëindig 31 Maart

	Omset		
	2018 VS$'m	2017 VS$'m	%-verandering
Internet	15 928	10 621	50
Sosiale en internetplatforms	12 281	7 692	60
– Tencent	12 024	7 506	60
– Mail.ru	257	186	38
e-Handel	3 647	2 929	25
– e-Kleinhandel	2 060	1 659	24
– Reis	276	123	>100
– Markplekke	–	327	(100)
– Betalings	294	186	58
– Geklassifiseerde advertensies	628	426	47
– Kosaflewering	166	53	>100
– Ander	223	155	44
Videovermaak	3 680	3 401	8
Media[1]	507	588	(14)
Korporatiewe dienste	3	2	50
Intersegmenteel	(21)	(50)	58
Ekonomiese belang	20 097	14 562	38
Minus: Ekwiteitsverantwoorde beleggings	(13 437)	(8 464)	(59)
Gekonsolideer	6 660	6 098	9

	EBITDA[2]		
	2018 VS$'m	Herstateer 2017 VS$'m	%-verandering
Internet	3 382	2 282	48
Sosiale en internetplatforms	3 997	2 964	35
– Tencent	3 925	2 888	36
– Mail.ru	72	76	(5)
e-Handel	(615)	(682)	10
– e-Kleinhandel	(248)	(258)	4
– Reis	(59)	(87)	32
– Markplekke	–	146	(100)
– Betalings	(60)	(66)	9
– Geklassifiseerde advertensies	(99)	(319)	69
– Kosaflewering	(20)	5	>(100)
– Ander	(129)	(103)	(25)
Videovermaak	627	520	21
Media[1]	10	40	(75)
Korporatiewe dienste	(22)	(14)	(57)
Ekonomiese belang	3 997	2 828	41
Minus: Ekwiteitsverantwoorde beleggings	(3 739)	(2 756)	(36)
Gekonsolideer	258	72	258

[1] Sluit omset van VS$133m (2017: VS$222.4m) en EBITDA van VS$33.3m (2017: VS$55.1m) in verband met Novus Holdings Beperk (Novus) in. Die groep het in September 2017 die grootste deel van sy belang in Novus aan sy aandeelhouers uitgekeer (verwys na aantekening 11).

[2] EBITDA verwys na verdienste voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie.

SEGMENTELE OORSIG (vervolg)

vir die jaar geëindig 31 Maart

	Handelswins		
	2018 VS$'m	Herstateer 2017 VS$'m	%-verandering
Internet	**3 053**	2 030	50
Sosiale en internetplatforms	**3 726**	2 761	35
– Tencent	**3 675**	2 701	36
– Mail.ru	**51**	60	(15)
e-Handel	**(673)**	(731)	8
– e-Kleinhandel	**(270)**	(281)	4
– Reis	**(61)**	(88)	31
– Markplekke	**–**	137	(100)
– Betalings	**(64)**	(69)	7
– Geklassifiseerde advertensies	**(114)**	(328)	65
– Kosaflewering	**(30)**	5	>(100)
– Ander	**(134)**	(107)	(25)
Videovermaak	**369**	287	29
Media[1]	**3**	19	(84)
Korporatiewe dienste	**(22)**	(14)	(57)
Ekonomiese belang	**3 403**	2 322	47
Minus: Ekwiteitsverantwoorde beleggings	**(3 444)**	(2 536)	(36)
Gekonsolideer	**(41)**	(214)	81

[1] Sluit handelswins van VS$33.3m (2017: VS$40.3m) in verband met Novus Holdings Beperk (Novus) in. Die groep het in September 2017 die grootste deel van sy belang in Novus aan sy aandeelhouers uitgekeer (verwys na aantekening 11).

REKONSILIASIE VAN GEKONSOLIDEERDE HANDELSVERLIES NA GEKONSOLIDEERDE BEDRYFSVERLIES

vir die jaar geëindig 31 Maart

	2018 VS$'m	2017 VS$'m
Gekonsolideerde handelsverlies	**(41)**	(214)
Finansieringskoste op transpondeerder-bruikhuurkontrakte	**51**	46
Amortisasie van ander ontasbare bates	**(101)**	(99)
Ander netto (verliese)/winste	**(47)**	(57)
Retensie-opsie-uitgawe	**(8)**	(1)
Tesourie-aandeel-vereffende aandeelskemakoste	**(52)**	(35)
Gekonsolideerde bedryfsverlies	**(198)**	(360)

Vir 'n rekonsiliasie van gekonsolideerde bedryfsverlies na gekonsolideerde wins voor belasting, verwys na die opgesomde gekonsolideerde inkomstestaat.

AANTEKENINGE BY DIE OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE RESULTATE

vir die jaar geëindig 31 Maart

1. ALGEMENE INLIGTING

Naspers Beperk (Naspers of die groep) is 'n internasionale internet- en vermaakgroep en een van die grootste tegnologiebeleggers in die wêreld. Die maatskappy is in 1915 gestig en is nou in meer as 120 lande en markte met langtermyn-groeipotensiaal bedrywig. Naspers bou vooraanstaande maatskappye wat mense bemagtig en gemeenskappe verryk. Dit bedryf van die wêreld se voorste platforms ten opsigte van die internet, videovermaak en media.

2. AANBIEDINGSGRONDSLAG EN REKENINGKUNDIGE BELEID

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2018 is opgestel in ooreenstemming met die noteringsvereistes van die JSE Beperk (JSE) (die JSE-noteringsvereistes) met betrekking tot opgesomde gekonsolideerde finansiële state en die bepalings van die Maatskappywet Nr 71 van 2008. Volgens die JSE-noteringsvereistes moet voorlopige verslae opgestel word ooreenkomstig die raamwerkkonsepte en die metings- en erkenningsvereistes van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS), die SAICA Riglyne vir Finansiële Verslagdoening soos uitgereik deur die Komitee vir Rekeningkundige Praktyke, en Finansiële Uitsprake soos uitgereik deur die Raad vir Finansiële Verslagdoeningstandaarde, en ten minste ook die inligting bevat wat deur IAS 34 *Tussentydse Finansiële Verslagdoening* vereis word. Die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate sluit nie al die openbaarmakings in wat vir volledige finansiële jaarstate opgestel ooreenkomstig IFRS vereis word soos uitgereik deur die Internasionale Raad vir Rekeningkundige Standaarde (IASB) nie. Buiten soos hieronder toegelig, strook die rekeningkundige beleid wat gevolg is met die opstel van die gekonsolideerde finansiële jaarstate, waaruit die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate verkry is, met die beleid wat in die vorige gekonsolideerde finansiële jaarstate toegepas is.

Die groep het alle nuwe en gewysigde rekeningkundige verklarings aanvaar wat deur die IASB uitgereik en van toepassing is op finansiële jare wat op 1 April 2017 in werking getree het. Nie een van die nuwe of gewysigde rekeningkundige verklarings wat geld vir die finansiële jaar wat op 1 April 2017 begin het, het 'n wesenlike uitwerking op die groep gehad nie.

Die groep se rapporteerbare segmente weerspieël die komponente van die groep wat gereeld nagegaan word deur die uitvoerende hoof en ander senior bestuurders wat strategiese besluite neem. Die groep konsolideer sy aandeel in die resultate van sy geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings proporsioneel in sy rapporteerbare segmente.

Handelswins sluit amortisasie van ontasbare bates (behalwe sagteware), ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde betalingskoste met betrekking tot transaksies wat deur die uitgifte van tesourie-aandele vereffen word, uitgawes ten opsigte van retensie-opsies en ander winste of verliese uit, maar sluit die finansieringskoste van transpondeerder-bruikhuurkontrakte in.

Kernwesensverdienste sluit eenmalige en nie-bedryfsitems uit. Na ons mening is dit vir aandeelhouers 'n nuttige maatstaf van die groep se bedryfsprestasie. Dit is egter nie 'n omskrewe term ingevolge IFRS nie en is nie noodwendig vergelykbaar met maatstawwe met soortgelyke name wat deur ander maatskappye gerapporteer word nie.

2. AANBIEDINGSGRONDSLAG EN REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

Verandering in rekeningkundige beleid rakende geskrewe verkoopopsies

As deel van ons onderneming om aandeelhouerwaarde te verdiep en verwatering te verhoed, het ons onlangs aangedui dat dit onwaarskynlik is dat ons Naspers N- gewone aandele sal uitreik wanneer ons verkoopopsies voortspruitend uit samesmeltings- en aankoopooreenkomste, werknemeraandeelopsie-verpligtinge en ander soortgelyke reëlings skik. Dit is eerder ons bedoeling dat hierdie items in kontant vereffen sal word, hetsy deur die aanskaf van aandele in die mark of deur direkte kontantvereffening.

Ons werk gereeld saam met stigters wat as nie-beherende aandeelhouers aanbly wanneer ons in hul besighede belê. Om aan hierdie stigters later likiditeit te verskaf, bevat ooreenkomste soms verkoopopsies wat die groep verplig om die aandele deur nie-beherende aandeelhouers gehou, in die toekoms te koop, met die opsie om dit te vereffen in Naspers N- gewone aandele of in kontant. Ons het voorheen verkies om sekere verkoopopsies te vereffen deur Naspers N- gewone aandele uit te reik.

Die onlangse verandering in ons kommersiële bedoeling – dat ons verkoopopsies in kontant eerder as in Naspers N- gewone aandele sal vereffen – het 'n herevaluering van ons huidige rekeningkundige beleid genoodsaak, ten einde te verseker dat dit steeds verteenwoordigend is van onderliggende skikkingsverwagtinge. Soos toegelig deur die IFRS Interpretasie Komitee se verwerping van die saak in November 2016, spreek IFRS nie regstreeks die toepaslike rekeningkundige verantwoording van verkoopopsies wat deur die uitgifte van 'n veranderlike aantal van 'n entiteit se eie aandele vereffen kan word, aan nie. Gevolglik bestaan daar 'n rekeningkundigebeleidskeuse – sodanige opsies kan verantwoord word as óf (i) afgeleide finansiële instrumente (teen billike waarde ingevolge IAS 39 *Finansiële Instrumente: Erkenning en Meting* of IFRS 9 *Finansiële Instrumente*) óf (ii) as verpligtinge gelykstaande aan die bedrag betaalbaar met vereffening (ingevolge IAS 32 *Finansiële Instrumente: Aanbieding*).

2. AANBIEDINGSGRONDSLAG EN REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

Verandering in rekeningkundige beleid rakende geskrewe verkoopopsies (vervolg)

Tot en met 30 September 2017 het ons verkoopopsieverpligtinge as afgeleide finansiële instrumente verantwoord, gegewe die historiese bedoeling om in Naspers N- gewone aandele te vereffen. Alle verkoopopsieverpligtinge is voorheen teen 'n billike waarde van nul gemeet aangesien hierdie opsies teen billike waarde geprys is – dus was daar geen impak op die staat van finansiële posisie of op die inkomstestaat nie.

Aangesien dit die bedoeling is om nou in kontant te vereffen, is dit toepasliker om hierdie items as verpligtinge in die staat van finansiële posisie te erken teen bedrae gelyk aan die bruto kontant-teenprestasie wat met vereffening betaalbaar is. Ingevolge IAS 8 het ons dus ons rekeningkundige beleid in dié verband verander. Voorts sal alle hermetings van hierdie verpligtinge in die inkomstestaat erken word. Sulke hermetings sal deel vorm van wesensverdienste, maar word van kernwesensverdienste uitgesluit.

Die groep het die verandering in rekeningkundige beleid met terugwerkende effek toegepas en het die vergelykende inligting wat in hierdie opgesomde gekonsolideerde finansiële state vir die jaar tot 31 Maart 2017 aangebied word, hersaamgestel. Die opgesomde uitwerking van die verandering in rekeningkundige beleid op die vergelykende jaar se resultate is 'n toename in verpligtinge van VS$2.22mjd soos op 31 Maart 2017 asook die erkenning van 'n hermetingsuitgawe (ingesluit die effek van valutaomrekening) van VS$640m in die inkomstestaat vir die jaar tot 31 Maart 2017.

2. AANBIEDINGSGRONDSLAG EN REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

Verandering in rekeningkundige beleid rakende geskrewe verkoopopsies (vervolg)

Die uitwerking van die verandering in rekeningkundige beleid op die opgesomde gekonsolideerde finansiële state word in die hieropvolgende uittreksels toegelig.

	31 Maart		
	Herstateer 2017 VS$'m	Verandering in beleid VS$'m	Voorheen gerapporteer 2017 VS$'m
INKOMSTESTAAT (uittreksel)			
Ander netto finansierings(koste)/-inkomste	(899)	(640)	(259)
Wins voor belasting	2 412	(640)	3 052
Belasting	(244)	–	(244)
Wins vir die jaar	2 168	(640)	2 808
Toeskryfbaar aan:			
Aandeelhouers van die groep	2 337	(584)	2 921
Nie-beherende belang	(169)	(56)	(113)
	2 168	(640)	2 808
Verdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)			
Basies	542	(135)	677
Verwater	535	(135)	670
Wesensverdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)			
Basies	44	(135)	179
Verwater	38	(135)	173
STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE (uittreksel)			
Wins vir die jaar	2 168	(640)	2 808
Ander omvattende inkomste vir die jaar	1 541	(4)	1 545
Totale omvattende inkomste vir die jaar	3 709	(644)	4 353
Toeskryfbaar aan:			
Aandeelhouers van die groep	3 905	(587)	4 492
Nie-beherende belang	(196)	(57)	(139)
	3 709	(644)	4 353

Die groep se verandering in rekeningkundige beleid rakende verkoopopsies het geen impak op kernwesensverdienste gehad nie.

2. AANBIEDINGSGRONDSLAG EN REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

Verandering in rekeningkundige beleid rakende geskrewe verkoopopsies (vervolg)

Die uitwerking van die verandering in rekeningkundige beleid op die opgesomde gekonsolideerde finansiële state word in die uittreksels wat volg toegelig.

	31 Maart			1 April		
	Herstateer 2017 VS$'m	Verandering in beleid 2017 VS$'m	Voorheen gerapporteer 2017 VS$'m	Herstateer 2016 VS$'m	Verandering in beleid 2016 VS$'m	Voorheen gerapporteer 2016 VS$'m
STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE (uittreksel)						
EKWITEIT EN VERPLIGTINGE						
Aandelekapitaal en reserwes toeskryfbaar aan ekwiteithouers van die groep	**12 856**	(2 102)	14 958	**8 771**	(1 483)	10 254
Aandelekapitaal en -premie	**4 944**	–	4 944	**4 965**	–	4 965
Ander reserwes	**(1 000)**	(1 518)	518	**(2 304)**	(1 483)	(821)
Behoue verdienste	**8 912**	(584)	9 496	**6 110**	–	6 110
Nie-beherende aandeelhouersbelang	**286**	(117)	403	**379**	(21)	400
TOTALE EKWITEIT	**13 142**	(2 219)	15 361	**9 150**	(1 504)	10 654
Nie-bedryfslaste (subtotaal)	**5 349**	1 708	3 641	**5 118**	1 095	4 023
Ander nie-bedryfslaste	**1 708**	1 708	–	**1 098**	1 095	3
Bedryfslaste (subtotaal)	**3 439**	511	2 928	**2 455**	409	2 046
Opgelope uitgawes en ander bedryfslaste	**1 768**	511	1 257	**1 595**	409	1 186
TOTALE EKWITEIT EN VERPLIGTINGE	**21 930**	–	21 930	**16 723**	–	16 723

Verandering in berekening van handelswins en kernwesensverdienste

Die groep moet wesensverdienste (en die verwante basiese en verwaterde per aandeel ekwivalente) ingevolge die JSE-noteringsvereistes bereken en aanbied. Wesensverdienste verteenwoordig 'n verdienstesyfer met die doel om 'n vergelykingsbasis daar te stel waarvolgens die verdienste van entiteite met mekaar vergelyk kan word.

Benewens wesensverdienste bereken en bied ons ook handelswins en kernwesensverdienste aan. Hierdie terme is nie IFRS-terme nie en word deur Naspers self gedefinieer. Ons bied hierdie bedrae aan as aanvullende inligting vir aandeelhouers aangesien ons hierdie aanduiders as meer verteenwoordigend van ons bedryfsprestasie ag. In die berekening van kernwesensverdienste word aanpassings gemaak aan die verdienste van gekonsolideerde ondernemings sowel as die onderliggende verdienste van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings, tot die mate wat die inligting beskikbaar is.

Ten einde te verseker dat kernwesensverdienste steeds ons moontlike toekomstige bedryfsprestasie weerspieël, is dit nodig om die items wat in die berekening aangepas word te hersien wanneer omstandighede verander.

2. AANBIEDINGSGRONDSLAG EN REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

Verandering in rekeningkundige beleid rakende geskrewe verkoopopsies (vervolg)

In die verlede het ons kernwesensverdienste vir alle amortisasie-uitgawes aangepas, sagteware uitgesluit, aangesien sodanige uitgawes hoofsaaklik verband gehou het met ontasbare bates wat in besigheidsamevoegings en ander verkrygings erken is. Hierdie uitgawes word nie as operasioneel van aard gesien nie.

Ons geassosieerde maatskappy, Tencent, het die afgelope jare 'n strategiese besluit geneem om 'n aantal digitale inhoudaanbiedings (waaronder video en musiek) te ontwikkel, met beduidende sukses. Gevolglik verteenwoordig aangekoopte digitale inhoud nou 'n betekenisvolle deel van die kostebasis van die digitale inhoudonderneming en dus het ontasbare bates en die verwante amortisasie daarvan ook toegeneem. Weens hierdie ontwikkeling het ons dit verstandig geag om die hantering van amortisasie in die berekening van kernwesensverdienste te verfyn en gevolglik sluit ons nou die digitale-inhoud-komponent van Tencent se amortisasie-uitgawes by kernwesensverdienste in. Slegs die amortisasie-uitgawes wat verband hou met ontasbare bates wat tydens besigheidsamevoegings en ander verkrygings geïdentifiseer word, word voorts steeds voor aangepas in die berekening van kernwesensverdienste. Die uitwerking hiervan is om kernwesensverdienste afwaarts aan te pas van VS$1.8mjd na VS$1.5mjd vir die jaar tot 31 Maart 2017 (verwys na aantekening 4).

IFRS 8 *Bedryfsegmente* vereis dat segmentele verslagdoening die manier reflekteer waarop finansiële inligting intern aan bestuur gekommunikeer word. Ons doen gevolglik verslag oor handelswins in die segmentele oorsig op die grondslag van ekonomiese belang (dus 'n proposionele konsolidasie van ons belang in die handelswins van geassosieerdes en gesamentlike ondernemings ingesluit) en die maatstaf sluit, soos kernwesensverdienste, die amortisasie-uitgawes van sekere ontasbare bates uit. Weens bogenoemde redes sal ons dus ook nie meer handelswins aanpas om die amortisasie-uitgawes wat Tencent op digitale inhoud erken, uit te sluit nie. Die uitwerking hiervan is om handelswins afwaarts aan te pas van VS$2.7mjd na VS$2.3mjd vir die jaar tot 31 Maart 2017. Gekonsolideerde handelswins word nie hierdeur geraak nie.

Om vergelykbaarheid tussen verslagdoeningstydperke te verseker, het ons die vergelykende handelswins- en kernwesensverdienste-inligting (die betrokke basiese en verwaterde per aandeel syfers ingesluit) opgedateer in hierdie opgesomde gekonsolideerde finansiële state. Die verandering aan handelswins en kernwesensverdienste het geen impak op die groep se staat van finansiële posisie en inkomstestaat wat ooreenkomstig IFRS voorberei is, gehad nie.

3. ONAFHANKLIKE OUDIT

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate is geouditeer deur die maatskappy se ouditeur, PricewaterhouseCoopers Geïnk. (PwC). Die individuele ouditeur wat aangewys is om die oudit uit te voer, is Brendan Deegan. PwC se ongekwalifiseerde ouditverslae oor die gekonsolideerde finansiële jaarstate en die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate is ter insae by die geregistreerde kantoor van die maatskappy beskikbaar. Die ouditeursverslag dek nie noodwendig al die inligting wat in hierdie opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate vervat is nie. Om 'n volledige begrip van die aard van die ouditeur se werk te kry, word aandeelhouers dus aangeraai om 'n afskrif van die ouditeursverslag saam met die gekonsolideerde finansiële jaarstate by die geregistreerde kantoor van die maatskappy te kry. Hierdie dokumente sal vanaf 22 Junie 2018 by die geregistreerde kantoor van die maatskappy beskikbaar wees. Die finansiële jaarstate, asook die geïntegreerde jaarverslag, sal om en by 20 Julie 2018 by **www.naspers.com** beskikbaar wees.

4. WESENS- EN KERNWESENSVERDIENSTE

	2018 VS$'m	Herstateer 2017 VS$'m
Netto wins toeskryfbaar aan aandeelhouers	**11 357**	2 337
Aangesuiwer vir:		
– waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting en ander bates	**39**	26
– waardedaling van klandisiewaarde en ander ontasbare bates	**4**	28
– (wins)/verlies met verkoop van bates	**(1)**	1
– verlies met hermeting van vervreemdingsgroepe gehou vir verkoop na billike waarde min vervreemdingskoste	**–**	2
– verliese/(winste) uit verkrygings en verkope van beleggings	**95**	(2 219)
– hermeting van bestaande belang	**(21)**	–
– verwateringswinste/(-verliese) van ekwiteitsverantwoorde beleggings[1]	**(9 216)**	119
– hermetings ingesluit by ekwiteitsverantwoorde resultate	**(524)**	(102)
– waardedaling van ekwiteitsverantwoorde beleggings	**46**	–
	1 779	192
Totale belastingeffek van aansuiwerings	**18**	(17)
Totale nie-beherende belang in aansuiwerings	**(3)**	13
Wesensverdienste	**1 794**	188
Aangesuiwer vir:		
– aandeelvereffende aandeelskemakoste	**435**	296
– amortisasie van ander ontasbare bates[2]	**190**	169
– billikewaarde-aansuiwerings en valutaomrekeningsverskille[3]	**60**	756
– retensie-opsie-uitgawe	**8**	1
– besigheidsamevoegingsverwante verliese	**20**	44
Kernwesensverdienste	**2 507**	1 454

[1] *Sluit die wins wat erken is met die verkoop van 'n 2%-belang in Tencent Holdings Limited in (verwys na aantekening 11).*

[2] *Verwys na aantekening 2 vir meer inligting oor die groep se verandering in die berekening van kernwesensverdienste. Amortisasie van ander ontasbare bates vir die jaar tot 31 Maart 2017 is aangepas om amortisasie-uitgawes van VS$298m in te sluit in verband met Tencent se digitale-inhoud-onderneming.*

[3] *Verwys na aantekening 2 vir meer inligting oor die groep se verandering in rekeningkundige beleid. Billikewaarde-aansuiwerings en valutaomrekeningsverskille vir die jaar tot 31 Maart 2017 is met VS$584m aangepas vir die uitwerking van die hermeting van geskrewe verkoopopsies.*

Die verwaterde verdienste, wesensverdienste en kernwesensverdienste per aandeel syfers, aangebied in die inkomstestaat, sluit 'n afname van VS$49m (2017: VS$24m) in wat verband hou met die toekomstige verwateringsimpak van potensiële gewone aandele uitgereik deur ekwiteitsverantwoorde beleggings en filiale.

5. RENTE ONTVANG/(BETAAL)

	2018 VS$'m	Herstateer 2017 VS$'m
Rente ontvang	**88**	70
– lenings en bankrekeninge	**74**	56
– ander	**14**	14
Rente betaal	**(267)**	(278)
– lenings en bankoortrekkings	**(196)**	(198)
– transpondeerderhure	**(51)**	(46)
– ander	**(20)**	(34)
Ander netto finansierings(koste)/-inkomste	**(319)**	(899)
– netto valutaverskille en billikewaarde-aansuiwerings op afgeleide finansiële instrumente	**(67)**	(277)
– hermeting van geskrewe verkoopopsieverpligtinge	**(252)**	(622)

Verwys na aantekening 2 vir meer inligting oor die groep se verandering in rekeningkundige beleid.

6. EKWITEITSVERANTWOORDE RESULTATE

Die groep se ekwiteitsverantwoorde beleggings het soos volg tot die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate bygedra:

	2018 VS$'m	Herstateer 2017 VS$'m
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate	**3 277**	1 829
– verkoop van bates	**1**	3
– vervreemding van beleggings	**(692)**	(381)
– waardedaling van beleggings	**159**	268
Bydrae tot wesensverdienste	**2 745**	1 719
– amortisasie van ander ontasbare bates	**135**	106
– tesourie-aandeelvereffende aandeelskemakoste	**385**	268
– billikewaarde-aansuiwering en valutaomrekeningsverskille	**(224)**	–
Bydrae tot kernwesensverdienste	**3 041**	2 093
Tencent	**3 288**	2 237
Mail.ru	**37**	52
MakeMyTrip	**(76)**	–
Delivery Hero	**(21)**	–
Ander	**(187)**	(196)

Dit is die groep se beleid om 'n gepaste naloopperiode toe te pas in die verslagdoening van die resultate van ekwiteitsverantwoorde beleggings waarvan die jaareindes nie met dié van Naspers Beperk ooreenstem nie.

7. WINS VOOR BELASTING

Afgesien van die items reeds toegelig, is wins voor belasting bepaal nadat, onder andere, die volgende in ag geneem is:

	2018 VS$'m	2017 VS$'m
Waardevermindering van eiendom, aanleg en toerusting	**219**	214
Amortisasie	**133**	128
– ander ontasbare bates	**101**	99
– sagteware	**32**	29
Koste verwant aan program- en rolprentregte, insluitend amortisasie	**912**	859
Afskrywings van voorraad na netto realiseerbare waarde, netto van terugskrywings[1]	**48**	51
Ander netto (verliese)/winste	**(47)**	(57)
– wins/(verlies) met verkoop van bates	**2**	(1)
– waardedaling van klandisiewaarde en ander ontasbare bates	**(4)**	(30)
– waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting en ander bates	**(39)**	(26)
– hermeting van vervreemdingsgroepe gehou vir verkoop na billike waarde min vervreemdingskoste	**–**	(2)
– dividende ontvang vanuit beleggings	**2**	1
– billikewaarde-aansuiwerings op finansiële instrumente	**(6)**	1
– ander	**(2)**	–
(Verliese)/winste uit verkrygings en verkope	**(93)**	2 169
– (verlies)/wins met verkoop van beleggings	**(91)**	1 990
– winste erken op verlies van beheertransaksies	**–**	228
– hermeting van toekomstige voorwaardelike betalings	**(5)**	1
– verkrygingsverwante koste	**(18)**	(50)
– hermeting van bestaande belang	**21**	–

[1] *Netto realiseerbare waarde-afskrywings hou hoofsaaklik verband met dekodeerdersubsidies in die videovermaak-segment.*

8. KLANDISIEWAARDE

Klandisiewaarde is aan 'n jaarlikse evaluering van waardedaling onderworpe. Bewegings in die groep se klandisiewaarde vir die jaar word hieronder toegelig:

	2018 VS$'m	2017 VS$'m
Klandisiewaarde		
– kosprys	**2 790**	3 175
– opgelope waardedaling	**(348)**	(357)
Openingsaldo	**2 442**	2 818
– valutaomrekeningsverskille	**41**	210
– verkrygings van filiale en besighede	**124**	244
– vervreemdings van filiale en besighede	**–**	(786)
– oorgedra na bates geklassifiseer as gehou vir verkoop	**–**	(37)
– waardedaling	**–**	(5)
– hermeting na billike waarde min vervreemdingskoste	**–**	(2)
Sluitingsaldo	**2 607**	2 442
– kosprys	**2 961**	2 790
– opgelope waardedaling	**(354)**	(348)

9. VERPLIGTINGE EN VOORWAARDELIKE AANSPREEKLIKHEDE

Verpligtinge hou verband met bedrae waarvoor die groep gekontrakteer het maar wat nog nie as verpligtinge in die staat van finansiële posisie erken is nie.

	2018 VS$'m	2017 VS$'m
Verpligtinge	**3 537**	2 464
– kapitaalbesteding	**17**	13
– program- en rolprentregte	**2 906**	2 015
– netwerk- en ander diensverpligtinge	**104**	158
– bedryfshuurverpligtinge	**327**	163
– dekodeerderverpligtinge	**183**	115

Die groep bedryf 'n aantal ondernemings in jurisdiksies waar belastings op sekere transaksies of betalings betaalbaar is. Die groep win steeds toepaslike advies in en werk saam met ons adviseurs om sulke belastingblootstellings te identifiseer en te kwantifiseer. Ons huidige raming van moontlike terughou- en ander belastingblootstellings, insluitend rente en moontlike boetes, bedra sowat VS$266.1m (2017: VS$256.7m). Geen voorsienings is teen 31 Maart 2018 of 2017 gemaak in verband met hierdie moontlike blootstellings nie.

10. VERVREEMDINGSGROEPE GEKLASSIFISEER AS GEHOU VIR VERKOOP

Gedurende die jaar tot 31 Maart 2017 het die groep die ontbondeling van die grootste gedeelte van sy belang in sy filiaal Novus Beherend Beperk (Novus), wat in die Suid-Afrikaanse drukmedia-industrie bedrywig is, aangekondig. Gevolglik het die groep op 31 Maart 2017 die bates en laste van Novus as gehou vir distribusie geklassifiseer. In Augustus 2017 het die groep regulatoriese goedkeuring vir die ontbondeling ontvang en die distribusie is in September 2017 gefinaliseer. Verwys na aantekening 11 vir verdere inligting).

In Mei 2017 het die groep die verkoop van sy gesamentlike onderneming Souq Group Limited (Souq) afgehandel nadat regulatoriese goedkeuring ontvang is. Souq was op 31 Maart 2017 as gehou vir verkoop geklassifiseer. Verwys na aantekening 11 vir verdere inligting).

Die groep het ook die vervreemdings van verskeie ander kleiner eenhede, waarvan die bates en laste as gehou vir verkoop geklassifiseer was op 31 Maart 2017, gedurende die jaar beklink.

Geen van die groep se bates en laste was op 31 Maart 2018 as gehou vir verkoop geklassifiseer nie. Bates en laste wat in vorige tydperke as gehou vir verkoop geklassifiseer was, word hieronder toegelig.

	2018 VS$'m	2017 VS$'m
Bates	–	403
Eiendom, aanleg en toerusting	–	176
Klandisiewaarde en ander ontasbare bates	–	35
Belegging in gesamentlike onderneming	–	102
Uitgestelde belasting-bates	–	7
Voorraad	–	26
Handels- en ander debiteure	–	34
Kontant en kontantekwivalente	–	23
Verpligtinge	–	70
Uitgestelde belasting-verpligtinge	–	19
Langtermynverpligtinge	–	6
Handelskrediteure	–	18
Opgelope uitgawes en ander bedryfslaste	–	27

Die groep het gedurende die jaar 'n verlies van VS$nul (2017: VS$1.6m) as deel van "Ander netto (verliese)/winste" in die inkomstestaat erken met die hermeting van die bates en laste van besighede geklassifiseer as gehou vir verkoop na hul billike waarde min vervreemdingskoste. Die billike waarde van hierdie besighede is vasgestel met verwysing na derdeparty verkooppryse. Dit verteenwoordig 'n vlak-3 billikewaardemeting.

11. BESIGHEIDSAMEVOEGINGS, ANDER VERKRYGINGS EN VERVREEMDINGS

Gedurende Augustus 2017 het die groep VS$74m belê ten einde 'n beherende belang in sy geassosieerde Takealot Online (RF) Eiendoms Beperk (Takealot), die toonaangewende e-kleinhandelaar in Suid-Afrika, te verkry. Ná afloop van die transaksie het die groep 'n 58%- effektiewe belang in Takealot gehou. Die groep het die transaksie as 'n besigheidsamevoeging met 'n effektiewe datum van Augustus 2017 verantwoord. Die totale koopsom het VS$123m bedra en verteenwoordig die billike waarde van die groep se voorheen gehoue ekwiteitsbelang in Takealot. 'n Wins met die hermeting van die groep se voorheen gehoue ekwiteitsbelang in Takealot na billike waarde ten bedrae van VS$20m is as deel van "(Verlies)/wins met verkrygings en verkope" in die inkomstestaat erken. Die VS$74m kontant belê, bly binne die groep ná die transaksie en word gevolglik nie as deel van die koopsom geopenbaar nie, hoewel dit die klandisiewaarde wat in die besigheidsamevoeging erken is, beïnvloed het. Die koopprystoekenning: eiendom, aanleg en toerusting VS$13m; kontant en deposito's VS$105m; voorraad VS$28m; handels- en ander debiteure VS$4m; ontasbare bates VS$107m; handels- en ander krediteure VS$27m; uitgestelde belastingverpligtinge VS$30m en die balans van VS$81m aan klandisiewaarde. Die hooftipes ontasbare bates wat in die besigheidsamevoeging erken is, was handelsname en handelsmerke, klantebasisse en tegnologie. Die transaksie het tot die erkenning van 'n nie-beherende belang van VS$83m aanleiding gegee wat gemeet is teen die nie-beherende belang se proporsionele deel van Takealot se identifiseerbare netto bates op die verkrygingsdatum.

In Desember 2017 het die groep 'n addisionele 38%-belang in Takealot vanaf nie-beherende aandeelhouers verkry. Die transaksie is in Naspers N- gewone aandele, met 'n billike waarde van VS$128m op die vereffeningsdatum, vereffen. Die N- gewone aandele is op die ope mark aangeskaf. Die oorskot van die vergoeding oorgedra bo die netto batewaarde verkry, het VS$65m bedra en is in die "Bestaandebeheer-besigheidsamevoegingsreserwe" in ekwiteit erken. 'n Bedrag van VS$4m is in die waardasiereserwe erken en verteenwoordig die verskil tussen die billike waarde en verkrygingskoste van die aandele oorgedra. Na afloop van die transaksie hou die groep 'n 96%- effektiewe belang (91% ten volle verwater) in Takealot.

In November 2017 het die groep VS$41m belê vir 'n 100%- effektiewe belang in The Car Trader Proprietary Limited (AutoTrader), 'n aanlyngeklassifiseerdeadvertensie-vertikaal toegespits op voertuie in Suid-Afrika. Die transaksie is as 'n besigheidsamevoeging verantwoord met 'n effektiewe datum van November 2017. Die totale koopsom het VS$41m bedra. Die koopprystoekenning: eiendom, aanleg en toerusting VS$1m; kontant en deposito's VS$3m; handels- en ander debiteure VS$1m; ontasbare bates VS$27m; handels- en ander krediteure VS$4m; leningsverpligtinge VS$14m; uitgestelde belastinglaste VS$8m en die balans aan klandisiewaarde VS$35m. Die hooftipes ontasbare bates wat in die besigheidsamevoeging erken is, was handelsmerke, klantebasisse en tegnologie.

Sedert die verkrygingsdatums van die bovermelde ondernemings is omset van VS$195m en netto resultate (verliese) van VS$41m in die inkomstestaat ingesluit in verband met Takealot en AutoTrader. Indien die omset en netto resultate van Takealot en AutoTrader van 1 April 2017 ingesluit was, sou groepomset en netto wins onderskeidelik VS$6.75mjd en VS$11.26mjd bedra het.

Die grootste bydraende faktor tot die klandisiewaarde in hierdie verkrygings is hul markteenwoordigheid. Hierdie klandisiewaarde sal na verwagting nie vir belastingdoeleindes aftrekbaar wees nie. Totale verkrygingsverwante koste van VS$3m is as deel van "(Verlies)/wins met verkrygings en verkope" in die inkomstestaat erken in verband met die bogemelde verkrygings.

11. BESIGHEIDSAMEVOEGINGS, ANDER VERKRYGINGS EN VERVREEMDINGS (vervolg)

Die volgende hou verband met die groep se beleggings in sy ekwiteitverantwoorde beleggings:

Die groep het gedurende die jaar verskeie beleggings gemaak in Delivery Hero AG (Delivery Hero), 'n globale aanlyn kosbestelling- en afleweringsmarkplek. In Mei 2017 het die groep sy aanvanklike belang in Delivery Hero vir VS$426m verkry. Op 30 Junie 2017 het Delivery Hero 'n aanvanklike openbare aanbod van aandele suksesvol afgehandel en die groep het as deel van dié proses 'n verdere VS$47m belê. Ná afloop van die beleggings het die groep 'n 11%- effektiewe belang (10% ten volle verwater) in Delivery Hero gehou. In Desember 2017 het die groep 'n addisionele VS$47m belê as deel van 'n privaat plasing ten einde sy relatiewe aandeelhouding te handhaaf. Gedurende Maart 2018, nadat regulatoriese goedkeuring ontvang is, het die groep Rocket Internet SE se belang in Deliver Hero vir VS$778m bekom. Die groep se totale belegging in Delivery Hero bedra dus VS$1.3mjd oor die verslagdoeningstydperk. Ná die verkryging van Rocket Internet SE se belang hou die groep 'n 23%- effektiewe belang (22% ten volle verwater) in Delivery Hero. Die groep verantwoord vir sy belang in Delivery Hero as 'n belegging in 'n geassosieerde.

Die groep het twee beleggings, wat saam VS$121m bedra het, gedurende Junie 2017 en Februarie 2018 gemaak in Bundl Technologies Private Limited (Swiggy), die operateur van 'n eersteparty-kosafleweringsmarkplek in Indië. Ná die beleggings hou die groep 'n 22%- effektiewe belang (21% ten volle verwater) in Swiggy. Die groep verantwoord vir sy belang in Swiggy as 'n belegging in 'n geassosieerde.

In Mei 2017 het die groep VS$99m in Kreditech Holding SSL GmbH (Kreditech), 'n verskaffer van verbruikerslenings en finansiële dienste, belê. Die groep het ook befondsing in die vorm van €20m se omskepbare lenings aan Kreditech toegestaan. Ná die belegging hou die groep 'n 38%- effektiewe belang (31% ten volle verwater) in Kreditech. Die groep verantwoord vir sy belang in Kreditech as 'n belegging in 'n geassosieerde.

In Mei 2017 het die groep VS$132m in sy geassosieerde MakeMyTrip Limited (MakeMyTrip) belê as deel van 'n befondsingsrondte. In Augustus en September 2017, nadat MakeMyTrip aandeelopsies aan sy personeel uitgereik het, het die groep 'n verdere VS$23m belê ten einde sy relatiewe aandeelhouding te behou. Ná afloop van die transaksies hou die groep 'n 43%- effektiewe belang (40% ten volle verwater) in MakeMyTrip.

Die groep het in April 2017 VS$71m in sy geassosieerde Flipkart Limited (Flipkart) belê. Die addisionele belang is vanaf Flipkart se bestaande aandeelhouers verkry. Flipkart het verder ook verskeie befondsingsrondtes onderneem gedurende die tydperk waaraan die groep nie deelgeneem het nie. Hierdie befondsingsrondtes het tot 'n verwatering van die groep se belang in Flipkart aanleiding gegee asook tot die erkenning van 'n totale netto verwateringswins van VS$252m as deel van "Verwateringswins/(-verlies) van ekwiteitsverantwoorde beleggings" in die inkomstestaat. Ná die verwaterings hou die groep 'n 12%- effektiewe belang (11% ten volle verwater) in Flipkart.

In November 2017 het die groep VS$100m in Remitly, Inc. (Remitly), 'n digitaleoorbetalings-maatskappy in Noord-Amerika, belê. Die belegging het tot gevolg dat die groep 'n 23%- effektiewe belang (20% ten volle verwater) in Remitly hou. Die groep verantwoord vir sy belang in Remitly as 'n belegging in 'n geassosieerde.

Die onderstaande hou verband met beduidende vervreemdings gedurende die verslagdoeningstydperk:

Gedurende Mei 2017 het die groep die verkoop van sy belegging in sy gesamentlike onderneming Souq Group Limited vir 'n opbrengs van VS$173m beklink. 'n Wins met verkoop van VS$89m is as deel van "(Verliese)/winste met verkrygings en verkope" in die inkomstestaat erken ná afloop van die transaksie.

11. BESIGHEIDSAMEVOEGINGS, ANDER VERKRYGINGS EN VERVREEMDINGS (vervolg)

In September 2017, ná ontvangs van regulatoriese goedkeuring, het die groep die grootste gedeelte van sy aandeelhouding in Novus Holdings Beperk (Novus) aan sy aandeelhouers uitgekeer. Die groep het die distribusie as 'n dividend in specie erken en het dienooreenkomstig behoue verdienste met die billike waarde van die uitgekeerde Novus-aandele van VS$69m verminder. 'n Verlies met vervreemding van VS$145m is as deel van "(Verliese)/winste met verkrygings en verkope" in die inkomstestaat erken ná die uitkering. Dié bedrag verteenwoordig die verskil tussen die billike waarde van die uitgekeerde Novus-aandele en die boekwaarde van die bates uitgekeer asook die herklassifisering van reserwes van VS$112m. Ná die distribusie hou die groep 'n 19%-aandeelhouding in Novus en verantwoord vir sy belang as 'n beskikbaar-vir-verkoop-belegging.

In Februarie 2018 het die groep sy belang in sy gesamentlike onderneming Konga Online Shopping Limited verkoop. 'n Verlies met verkoop van VS$38m, verteenwoordig deur die herklassifisering van die groep se buitelandse valutaomrekeningsreserwe vanuit ander omvattende inkomste na die inkomstestaat, is as deel van "(Verliese)/winste met verkrygings en verkope" in die inkomstestaat erken.

In Maart 2018 het die groep ongeveer 6% van sy belang in sy geassosieerde, Tencent Holdings Limited (Tencent), verkoop. Die vervreemding is geïmplementeer deur middel van 'n vervroegde aanbod as deel van 'n private plasing op die Hong Kongse aandelebeurs vir 'n kontantsom van VS$9.76mjd. Die vervreemding het die groep se aandeelhouding van 33.17% na 31.17% verminder. 'n Verwateringswins van VS$9.1mjd is as deel van "Verwateringswins/(-verlies) van ekwiteitsverantwoorde beleggings" in die inkomstestaat erken ná afloop van die transaksie. 'n Kumulatiewe netto verwateringsverlies van VS$8.98mjd is vir die jaar erken rakende die groep se belang in Tencent.

12. UITGIFTE VAN GENOTEERDE SKULDEFFEK

Die groep het in Julie 2017 'n 10-jaar internasionale skuldeffek van VS$1.0mjd uitgereik. Die skuldeffek verval in Julie 2027 en dra rente teen 'n vaste koers van 4.85% per jaar. Die opbrengs is gedeeltelik aangewend om die groep se VS$700m internasionale skuldeffek, wat in Julie 2017 verval het, terug te betaal. Die oorblywende opbrengs sal gebruik word vir algemene korporatiewe doeleindes, insluitend verkrygings.

13. FINANSIËLE INSTRUMENTE

Die billike waardes van die groep se finansiële instrumente wat op elke verslagdoeningsdatum teen billike waarde gedra word, word as volg geklassifiseer:

	Billikewaarde-metings op 31 Maart 2018 gegrond op:		
	Gekwoteerde pryse in aktiewe markte vir identiese bates of verpligtinge (vlak 1) VS$'m	Beduidende ander waarneembare insette (vlak 2) VS$'m	Beduidende onwaarneembare insette (vlak 3) VS$'m
Bates			
Beskikbaar-vir-verkoop-beleggings	33	2	–
Valutatermynkontrakte	–	9	–
Afgeleide finansiële instrumente in huurkontrakte vervat	–	–	1
Wisselkoersverswakkingsklousules	–	–	2
Verpligtinge			
Valutatermynkontrakte	–	162	–
Toekomstige voorwaardelike betalings	–	–	58
Rentekoers- en kruisvaluta-ruilooreenkomste	–	124	–

13. FINANSIËLE INSTRUMENTE (vervolg)

Billikewaarde-metings op 31 Maart 2018 gegrond op:

	Gekwoteerde pryse in aktiewe markte vir identiese bates of verpligtinge (vlak 1) VS$'m	Beduidende ander waarneembare insette (vlak 2) VS$'m	Beduidende onwaarneem-bare insette (vlak 3) VS$'m
Bates			
Beskikbaar-vir-verkoop-beleggings	11	2	–
Valutatermynkontrakte	–	2	–
Wisselkoersverswakkingsklousules	–	–	6
Verpligtinge			
Valutatermynkontrakte	–	106	–
Aandeelhouersverpligtinge	–	–	18
Toekomstige voorwaardelike betalings	–	–	24
Rentekoersruilooreenkomste	–	8	–

Daar was geen oordragte tussen vlakke 1 en 2 gedurende die verslagdoeningstydperk nie en daar was geen beduidende veranderings aan waardasietegnieke of die insette wat gebruik word om billike waarde te meet nie.

Wisselkoersverswakkingsklousules hou verband met klousules in programaankoopooreenkomste wat aan die groep beskerming teen wesenlike wisselkoersverswakkings verleen. Die billike waarde van wisselkoersverswakkingsklousules word gemeet deur gebruik te maak van verdiskonteerde kontantvloeitegnieke.

Besigheidspesifieke aangepaste diskontokoerse word op geraamde toekomstige kontantvloei toegepas. Vir toekomstige voorwaardelike betalings verdiskonteer die groep huidige vooruitskattings in die mate waartoe bestuur glo dat prestasiekriteria nagekom sal word teen koerse wat die tydwaarde van geld weerspieël. Kontraktueel gespesifiseerde kontantvloei word gebruik. Veranderings in hierdie aannames kan die gerapporteerde billike waarde van hierdie finansiële instrumente beïnvloed.

Die billike waarde van vlak 2 finansiële instrumente word bepaal met behulp van wisselkoerse wat in 'n aktiewe mark gekwoteer word en rentekoerse wat uit waarneembare opbrengskrommes verkry word.

Finansiële instrumente waarvan die billike waarde geopenbaar word:

	Dra-bedrag VS$'m	Billike waarde VS$'m
31 Maart 2018		
Finansiële verpligtinge		
Gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge	**1 158**	**1 125**
Genoteerde skuldeffekte	**3 200**	**3 357**
31 Maart 2017		
Finansiële verpligtinge		
Gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge[1]	1 211	1 199
Genoteerde skuldeffekte	2 900	3 041

[1] *Sluit finansiële verpligtinge geklassifiseer as gehou vir verkoop in.*

Die billike waarde van die gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge is bepaal deur verdiskonteerde kontantvloeitegnieke. Die billike waarde van effekte wat openbaar verhandel, is bepaal met verwysing na die genoteerde pryse van die instrumente op die verslagdoeningsdatum.

14. VERWANTEPARTYTRANSAKSIES EN SALDO'S

Die groep het in die gewone loop van sake verskeie verwantepartytransaksies gesluit. Daar was geen beduidende veranderinge in verwantepartytransaksies en saldo's sedert die vorige verslagdoeningstydperk nie.

15. GEBEURE NÁ DIE VERSLAGDOENINGSDATUM

In April 2018 het die groep die aandele gehou deur nie-beherende aandeelhouers van sy filiaal Dubizzle Limited (Dubizzle) vir VS$190m verkry. Na die verkryging hou die groep 'n 100%-belang in Dubizzle.

In Mei 2018 het die groep die verkoop van sy belang in Flipkart Limited – sy ekwiteitsverantwoorde e-kleinhandelsbelegging in Indië – aan VS-gebaseerde Wallmart, Inc. vir VS$2.2mjd aangekondig. Die transaksie is aan regulatoriese goedkeuring onderhewig.

In Mei 2018 het die groep VS$35m vir 'n 16%- effektiewe belang in Honor Technology, Inc. (Honor) belê. Honor is 'n eerste van sy soort huissorgmaatskappy wat toegespits is op in-huisseniorsorg.

In Mei 2018 het die groep VS$89m belê vir 'n 36%- effektiewe belang in FCG Germany GmbH (Frontier Car Group), 'n aanlyn voertuigmarkplek met sy hoofkantoor in Berlyn.

In Junie 2018 het die groep onderneem om VS$80m in sy geassosieerde maatskappy, Bundl Technologies Private Limited (Swiggy), die operateur van 'n eersteparty-kosafleweringsmarkplek in Indië, te belê. Ná die belegging sal die groep 'n 24%- effektiewe belang (23% ten volle verwater) in Swiggy hou.

16. PRO FORMA FINANSIËLE INLIGTING

Die groep het sekere omset- en handelswinsaanduiders in plaaslike geldeenheidterme, uitgesluit die uitwerking van veranderinge in die samestelling van die groep (die pro forma finansiële inligting) aangebied in die tabelle wat volg. Naspers Beperk se direksie (die direksie) is verantwoordelik vir die pro forma finansiële inligting en sodanige inligting word ter illustrasie aangebied. Inligting wat op 'n pro forma grondslag aangebied word, is uit die groep se bestuursverslae verkry en die direksie is tevrede met die gehalte daarvan.

Weens die aard van die pro forma finansiële inligting en die feit dat dit uit die groep se bestuursrekeninge verkry is, word aandeelhouers ingelig dat dié inligting moontlik nie die groep se finansiële posisie, veranderinge in ekwiteit, resultate van bedrywighede of kontantvloei redelik weergee nie.

Die pro forma finansiële inligting is voorberei ten einde die impak van skommelinge in buitelandse wisselkoerse en veranderinge in die samestelling van die groep op sy resultate vir die jaar tot 31 Maart 2018 te illustreer. Die metodologie wat in die berekening van die pro forma finansiële inligting toegepas is, word hieronder toegelig:

1. Buitelandse valuta-/konstantegeldeenheidaanpassings is bereken deur die huidige tydperk se resultate aan te pas teen die vorige tydperk se gemiddelde wisselkoerse. Hierdie wisselkoerse is die gemiddelde maandelikse wisselkoerse van die vorige tydperk. Die organiese pro forma finansiële inligting is bereken deur die konstantegeldeenheidresultate, bereken soos hierbo uiteengesit, te vergelyk met die vergelykende tydperk se IFRS-resultate. Die relevante wisselkoerse (relatief tot die Amerikaanse dollar) wat gebruik is vir die mees beduidende geldeenhede was: Suid Afrikaanse rand (2018: 0.0774; 2017: 0.0713); Poolse zloty (2018: 0.2794; 2017: 0.2516); Russiese roebel (2018: 0.0173; 2017: 0.0159); Chinese yuan renminbi (2018: 0.1517; 2017: 0.1483); Indiese roepee (2018: 0.0155; 2017: 0.0149); Brasiliaanse real (2018: 0.3097; 2017: 0.3061); en Nigeriese naira (2018: 0.0028; 2017: 0.0035)..

16. PRO FORMA FINANSIËLE INLIGTING (vervolg)

2. Aanpassings gemaak vir veranderinge in die samestelling van die groep hou verband met verkrygings en vervreemdings van filiale en ekwiteitsverantwoorde beleggings, asook veranderinge in die groep se aandeelhouding in sy ekwiteitsverantwoorde beleggings. Vir samesmeltings sluit die groepsamestellingsaanpassing 'n deel in van die vorige jaar se resultate van die entiteit met wie die samesmelting plaasgevind het. Aanpassings is gemaak vir die volgende beduidende veranderinge in die samestelling van die groep wat gedurende die tydperk plaasgevind het, ten einde die pro forma finansiële inligting te bereken:

Jaar geëindig 31 Maart 2018

Transaksie	Soort belegging	Rapporteerbare segment	Verkryging/ Vervreemding
Verwatering van die groep se belang in Tencent	Geassosieerde	Sosiale en internetplatforms	Vervreemding
Verwatering van die groep se belang in Mail.ru	Geassosieerde	Sosiale en internetplatforms	Vervreemding
Verwatering van die groep se belang in Flipkart	Geassosieerde	e-Handel	Vervreemding
Verkryging van die groep se belang in Kreditech	Geassosieerde	e-Handel	Verkryging
Verkryging van die groep se belang in Delivery Hero	Geassosieerde	e-Handel	Verkryging
Effek van die samesmelting van ibibo met MakeMyTrip	Geassosieerde	e-Handel	Verkryging en vervreemding
Vervreemding van die groep se belang in Souq	Gesamentlike onderneming	e-Handel	Vervreemding
Verkryging van die groep se belang in Takealot	Filiaal	e-Handel	Verkryging
Verkryging van die groep se belang in AutoTrader	Filiaal	e-Handel	Verkryging
Vervreemding van die groep se belang in Netretail	Filiaal	e-Handel	Vervreemding
Vervreemding van die groep se belange in Allegro en Ceneo	Filiaal	e-Handel	Vervreemding
Vervreemding van die groep se belang in Novus	Filiaal	Media	Vervreemding

Die netto aanpassing gemaak vir alle verkrygings en vervreemdings wat gedurende die typerk plaasgevind het, was 'n negatiewe aansuiwering van VS$508m aan omset en 'n negatiewe aansuiwering van VS$181m aan handelswins.

Die groep se eksterne ouditeur het 'n gerusstellingsverslag uitgereik rakende die pro forma finansiële inligting en hierdie verslag is by die maatskappy se geregistreerde kantoor beskikbaar.

16. PRO FORMA FINANSIËLE INLIGTING (vervolg)

Aansuiwerings gemaak aan bedrae gerapporteer kragtens IFRS, ten einde die pro forma finansiële inligting te bereken, word in die onderstaande tabel toegelig:

	Jaar geëindig 31 Maart							
	2017 A	2018 B	2018 C	2018 D	2018 E	2018 F[2]	2018 G[3]	2018 H[4]
	IFRS[1] VS$'m	Groep-samestelling-vervreem-dings-aanpassing VS$'m	Groep-samestelling-verkrygings-aanpassing VS$'m	Buite-landse valuta-aanpassing VS$'m	Plaaslike-geldeen-heid-groei VS$'m	IFRS[1] VS$'m	Plaaslike-geldeen-heid-groei %-veran-dering	IFRS %-veran-dering
Omset								
Internet	10 621	(608)	295	511	5 109	15 928	51	50
Sosiale en internetplatforms	7 692	(45)	23	361	4 250	12 281	56	60
– Tencent	7 506	(40)	–	341	4 217	12 024	56	60
– Mail.ru	186	(5)	23	20	33	257	18	38
e-Handel	2 929	(563)	272	150	859	3 647	36	25
– e-Kleinhandel	1 659	(338)	167	97	475	2 060	36	24
– Reis	123	120	(20)	2	51	276	21	>100
– Markplekke	327	(327)	–	–	–	–	–	(100)
– Betalings	186	(8)	39	11	66	294	37	58
– Geklassifiseerde advertensies	426	–	14	38	150	628	35	47
– Kosaflewering	53	–	49	–	64	166	>100	>100
– Ander	155	(10)	23	2	53	223	37	44
Videovermaak	3 401	(73)	1	119	232	3 680	7	8
Media	588	(123)	–	37	5	507	1	(14)
Korporatiewe dienste	2	–	–	–	1	3	50	50
Intersegmenteel	(50)	–	–	(1)	30	(21)	60	58
Ekonomiese belang	14 562	(804)	296	666	5 377	20 097	39	38

[1] Bedrae aangebied op die grondslag van ekonomiese belang.
[2] A + B + C + D + E.
[3] [E/(A + B)] x 100.
[4] [(F/A) – 1] x 100.

16. PRO FORMA FINANSIËLE INLIGTING (vervolg)

	Jaar geëindig 31 Maart							
	2017 A	2018 B	2018 C	2018 D	2018 E	2018 F[2]	2018 G[3]	2018 H[4]
	IFRS[1] VS$'m	Groep-samestelling-vervreem-dings-aanpassing VS$'m	Groep-samestelling-verkrygings-aanpassing VS$'m	Buite-landse valuta-aanpassing VS$'m	Plaaslike-geldeen-heid-groei VS$'m	IFRS[1] VS$'m	Plaaslike-geldeen-heid-groei %-veran-dering	IFRS %-veran-dering
Handelswins								
Internet	2 030	(79)	(90)	102	1 090	3 053	56	50
Sosiale en internetplatforms	2 761	(17)	(7)	92	897	3 726	33	35
– Tencent[5]	2 701	(15)	–	87	902	3 675	34	36
– Mail.ru	60	(2)	(7)	5	(5)	51	(9)	(15)
e-Handel	(731)	(62)	(83)	10	193	(673)	24	8
– e-Kleinhandel	(281)	79	(39)	(8)	(21)	(270)	(10)	4
– Reis	(88)	6	4	–	17	(61)	21	31
– Markplekke	137	(137)	–	–	–	–	–	(100)
– Betalings	(69)	(9)	(17)	(2)	33	(64)	42	7
– Geklassifiseerde advertensies	(328)	–	1	18	195	(114)	59	65
– Kosaflewering	5	–	(23)	1	(13)	(30)	>(100)	>(100)
– Ander	(107)	(1)	(9)	1	(18)	(134)	(17)	(25)
Videovermaak	287	(2)	–	17	67	369	24	29
Media	19	(18)	8	–	(6)	3	>(100)	(84)
Korporatiewe dienste	(14)	–	–	(4)	(4)	(22)	(29)	(57)
Ekonomiese belang	2 322	(99)	(82)	115	1 147	3 403	52	47

[1] Bedrae aangebied op die grondslag van ekonomiese belang.
[2] A + B + C + D + E.
[3] [E/(A + B)] x 100.
[4] [(F/A) – 1] x 100.
[5] Verwys na aantekening 2 vir besonderhede oor die groep se verandering in die berekening van handelswins.

vir die jaar geëindig 31 Maart

	Jaar geëindig 31 Maart							
	2017 A	2018 B	2018 C	2018 D	2018 E	2018 F[1]	2018 G[2]	2018 H[3]
	IFRS VS$'m	Groep-samestelling-vervreem-dings-aanpassing VS$'m	Groep-samestelling-verkrygings-aanpassing VS$'m	Buite-landse valuta-aanpassing VS$'m	Plaaslike-geldeen-heid-groei VS$'m	IFRS[1] VS$'m	Plaaslike-geldeen-heid-groei %-veran-dering	IFRS %-veran-dering
Ander metings gerapporteer								
Ontwikkelingsbesteding								
– ekonomiese belang	1 084	(15)	–	18	(131)	956	(12)	(12)
– gekonsolideer	861	(85)	–	15	(122)	669	(17)	(22)
Gekonsolideerde omset	6 098	(780)	287	268	787	6 660	15	9
Gekonsolideerde e-handelsomset	2 173	(586)	286	114	511	2 498	32	15
Gekonsolideerde handelsverlies	(214)	(34)	(51)	31	227	(41)	(92)	(81)
Avito-omset	204	–	–	22	58	284	28	39

[1] *A + B + C + D + E.*
[2] *[E/(A+B)] x 100.*
[3] *[(F/A) – 1] x 100.*

Kernwesensverdienste, bereken op 'n konstantegeldeenheidbasis, beloop VS$2.42mjd.

Ontwikkelingsbesteding is nie 'n IFRS-meting nie en is gevolglik uitgesluit van die gerusstellingsverslag uitgereik deur die groep se eksterne ouditeur.

ONAFHANKLIKE OUDITEUR SE VERSLAG

op die opgesomde gekonsolideerde finansiële state

AAN DIE AANDEELHOUERS VAN NASPERS BEPERK

MENING

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state, soos uiteengesit in die meegaande voorlopige verslag, wat bestaan uit die opgesomde gekonsolideerde staat van finansiële posisie soos op 31 Maart 2018, die opgesomde gekonsolideerde inkomstestaat en opgesomde gekonsolideerde state van omvattende inkomste, veranderings in ekwiteit en kontantvloeie vir die jaar geëindig, en verwante aantekeninge, is opgestel vanuit die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state van Naspers Beperk vir die jaar geëindig 31 Maart 2018.

Na ons mening, is die meegaande opgesomde gekonsolideerde finansiële state konsekwent, in alle wesenlike opsigte, met die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state, ooreenkomstig die JSE Beperk (JSE) se Noteringsvereistes vir voorlopige verslae, soos uiteengesit in aantekening 2 tot die opgesomde gekonsolideerde finansiële state, en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op opgesomde finansiële state.

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state bevat nie alle openbaarmaking soos vereis deur 'International Financial Reporting Standards' en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos toepaslik op finansiële jaarstate nie. Die lees van die opgesomde gekonsolideerde finansiële state en die ouditeur se verslag daarop kan gevolglik nie as plaasvervanger vir die lees van die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state en die ouditeur se verslag daarop gesien word nie.

DIE GEOUDITEERDE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE EN ONS VERSLAG DAAROP

Ons het 'n ongekwalifiseerde ouditmening uitgespreek op die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state in ons verslag gedateer 22 Junie 2018. Daardie verslag sluit ook kommunikasie in oor sleutel-ouditaangeleenthede. Sleutel-ouditaangeleenthede is daardie aangeleenthede wat volgens ons professionele oordeel van die mees beduidende was in ons oudit van die gekonsolideerde finansiële state vir die huidige jaar.

DIREKTEURE SE VERANTWOORDELIKHEID VIR DIE OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE

Die direkteure is verantwoordelik vir die opstel van die opgesomde gekonsolideerde finansiële state ooreenkomstig die JSE se Noteringsvereistes vir voorlopige verslae, soos uiteengesit in aantekening 2 tot die opgesomde gekonsolideerde finansiële state, en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op opgesomde finansiële state.

op die opgesomde gekonsolideerde finansiële state

OUDITEUR SE VERANTWOORDELIKHEID

Ons verantwoordelikheid is om 'n mening uit te spreek of die opgesomde gekonsolideerde finansiële state konsekwent is, in alle wesenlike opsigte, met die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state, gebaseer op ons prosedures, wat ooreenkomstig die 'International Standard on Auditing (ISA) 810 (Revised)', "Engagements to Report on Summary Financial Statements", uitgevoer is.

PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Direkteur: Brendan Deegan
Geregistreerde Ouditeur

Kaapstad
22 Junie 2018

PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Silo Square 5, V&A Waterfront, Kaapstad 8002, Posbus 2799, Kaapstad 8000
T: +27 (0) 21 529 2000, F: +27 (0) 21 529 3300, www.pwc.co.za

Hoof Uitvoerende Beampte: T D Shango

Bestuurskomitee: S N Madikane, J S Masondo, P J Mothibe, C Richardson, F Tonelli, C Volschenk
Die Maatskappy se besigheidsadres is te Lisbonlaan 4, Waterfall City, Jukskei View, waar 'n lys van die direkteure se name ter insae is.

Reg-nr. 1998/012055/21, VAT reg-nr. 4950174682

Naspers Beperk (Registrasienommer: 1925/001431/06)
JSE-aandelekode: NPN ISIN: ZAE000015889
LSE ADS-kode: NPSN ISIN: US 6315122092

DIREKTEURE
J P Bekker (voorsitter), B van Dijk (uitvoerende hoof), E M Choi, H J du Toit, C L Enenstein, D G Eriksson, R C C Jafta, F L N Letele, G Liu, D Meyer, R Oliveira de Lima, S J Z Pacak, T M F Phaswana, V Sgourdos, M R Sorour, J D T Stofberg, B J van der Ross

MAATSKAPPYSEKRETARIS
G Kisbey-Green

GEREGISTREERDE KANTOOR
Heerengracht 40, Kaapstad 8001, Suid-Afrika
(Posbus 2271, Kaapstad 8000, Suid-Afrika)

OORDRAGSEKRETARIS
Link Market Services South Africa Eiendoms Beperk
13de verdieping, Rennie House, Ameshoffstraat 19,
Braamfontein 2001, Suid-Afrika
(Posbus 4844, Johannesburg 2000, Suid-Afrika)

BORG
Investec Bank Beperk

ADB-PROGRAM
Bank of New York Mellon bedryf 'n GlobalBuyDIRECT^{SM}-plan vir Naspers Beperk. Vir bykomende inligting, besoek gerus Bank of New York Mellon se webwerf by www.globalbuydirect.com of skakel Shareholder Relations by 1-888-BNY-ADRS of 1-800-345-1612 of skryf aan: Bank of New York Mellon, Shareholder Relations Department – GlobalBuyDIRECT^{SM}, Church Street Station, PO Box 11258, New York, NY 10286-1258, OSA.

BELANGRIKE INLIGTING
Hierdie aankondiging van resultate bevat vooruitskouende verklarings soos gedefinieer in die Verenigde State se "Private Securities Litigation Reform Act" van 1995. Woorde soos "glo", "verwag", "voorneem", "beoog", "wil", "beplan", "kan", "mag", "streef" en soortgelyke uitdrukkings word gebruik om sulke vooruitskouings te identifiseer, maar is nie die enigste manier om sulke uitdrukkings te identifiseer nie. Weens hul aard behels vooruitskouende verklarings risiko en onsekerheid omdat sodanige verklarings met toekomstige gebeure en omstandighede verband hou en dit moet gevolglik met inbegrip van verskeie ander belangrike faktore geëvalueer word. Hoewel hierdie vooruitskouende verklarings ons standpunte en toekomsverwagtings verteenwoordig, kan verskeie risiko's, onsekerhede en ander belangrike faktore meebring dat werklike ontwikkelinge en resultate wesenlik van ons verwagtings verskil. Die sleutelfaktore wat tot gevolg kan hê dat ons werklike verdienstevertoning of prestasie wesenlik verskil van dié wat in vooruitskouende verklarings toegelig word, sluit onder andere in veranderings in IFRS en die interpretasies, toepassings en praktyke wat daarmee gepaard gaan soos wat hulle met die verlede, hede en toekoms verband hou; huidige en toekomstige verkrygings, veranderings aan plaaslike en internasionale besigheids- en marktoestande soos wisselkoers- en rentekoersbewegings; veranderings in plaaslike en internasionale regulatoriese en wetgewende omgewings, veranderings aan plaaslike en internasionale operasionele, sosiale, ekonomiese en politieke toestande; arbeidsontwrigtings en maatskaplike aksies asook die effek van beide bestaande en toekomstige wetgewing. Dit sluit faktore in wat ons ondernemings en finansiële prestasie negatief kan beïnvloed. Ons is geensins onder verpligting (en ontken uitdruklik enige sodanige verpligting) om ons vooruitskouings – hetsy as gevolg van nuwe inligting, toekomstige gebeurtenisse of andersins – by te werk of te wysig nie. Beleggers word gemaan om nie te veel staat te maak op enige vooruitskouende verklarings wat hierin vervat is nie. Ons kan nie waarborge verskaf dat vooruitskouende verklarings uiteindelik korrek sal wees nie en beleggers word gemaan om nie uitermate steun te plaas op enige vooruitskouende verklarings hierin vervat nie.

NASPERS-HOOFKANTOOR
+27 (0)21 406 2121

Straatadres
Heerengracht 40
Kaapstad
8001
Suid-Afrika